

6 Oktober

Skrifgedeelte: Efesiërs 4:17 – 5:5

Fokusgedeelte: Efesiërs 4:23 en 24

## Doen

Daar is 'n direkte verband tussen wat ons dink en wat ons doen, tussen kennis en praktyk, leer en lewe.

Paulus, geïnspireer deur die Heilige Gees, bewapen die jong Christene van Efese (6:10-20). Hulle moet die vuil denke en lewenstyl van die heidene kan weerstaan. Gesonde Christelike denke bring jou by gesonde dade, goed en reg doen.

Paulus sê: julle het tog van Christus gehoor; Hom gevolg, volgens die waarheid wat in Jesus is, is julle onderrig. "Julle gees en gedagtes moet nuut word" (4:23). Hulle en julle. Hulle gedagtes lei tot niks (4:17). Julle gedagte word nuut (4:23).

Ons Here is die Weg, die Waarheid en die Lewe. Deur sy Heilige Gees praat Hy met ons en vernuwe Hy ons denke sodat ons reg kan doen.

Julle wat aan Jesus Christus behoort deur julle doop, geloof en wedergeboorte weet tog dat Jesus op Golgota met die ou, sondige mens afgereken het. Die ou manier van lewe, hopeloos vasgevang deur jou sondige begeertes, op pad na "niks", die ou manier, daarmee het die Here met sy dood afgereken! Ons sterf die ou mens in ons af. In sy opstanding het Jesus die nuwe mens as diebeeld van God geskep, ook in ons. Ons kan nou nuut lewe en doen as verstandige mense in ons verhouding tot mekaar, ook man en vrou, ouers en kinders, werkgewers en werknemers. Hoe belangrik is ons gedagtes en kennis waarin ons van kleintyd af aan onderrig is! God het ons lief en so het ons ook Hom en mekaar lief.

Dink Jesus Christus en doen die wil van God en lewe heilig!

Sing: Psalm 25:2

Ds JJ de W Krüger (Emeritus)